OVERBERG DLV
LANDBOU EENHEID EN VOLHOUBAARHEID
AGRICULTURAL UNITY AND SUSTAINABILITY
DAA

Kantore by/Offices at Overberg Agri, Swellendamweg/Road, Bredasdorp, 7280
Posbus/P.O. Box 158, Bredasdorp, 7280 • Tel: (028) 424 2890 • Faks/Fax: (028) 425 3788 • Epos/Email: odlv1@agrimega.co.za

Drie Overbergers aangewys as beste plaaswerkers in die provinsie

Die provinsiale *Plaaswerker van die Jaar* is onlangs tydens 'n glansgeleentheid by Grand West Casino in Kaapstad bekendgemaak.

Die geleentheid is bygewoon deur verskeie hooggeplaasdes waaronder die Premier van die Wes-Kaap, Helen Zille, die Wes-Kaapse Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling, Gerrit van Rensburg asook die Departementshoof van die Provinsiale Departement van Landbou, Joyene Isaacs.

Die volgende kategorie-wenners uit die Overberg het die streek by die provinsiale kompetisie verteenwoordig:

- Josef Diedericks (Kategorie wenner: Algemene werker)
- Arnoldus Johannes (Kategorie wenner: Trekkerdrywer)
- Anthony Strydom (Kategorie wenner: Diereproduksie)
- Anna Carelse (Kategorie wenner: Administratiewe personeel)
- Anna Herdien (Kategorie wenner: Tegniese operateur)
- Florina Samson (Kategorie wenner: Junior bestuur & Algehele wenner vir Overberg streek)
- Michael Edon (Kategorie wenner: Middel bestuur)
- Adam Mouton (Kategorie wenner: Senior bestuur)

Die Overberg het teen 11 ander streke in die Wes-Kaap meegeding. Drie deelnemers uit die Overberg is as provinsiale kategorie-wenners aangewys:

- Anthony Strydom (Kategorie wenner: Diereproduksie)
- Florina Samson (Kategorie wenner: Junior bestuur)
- Adam Mouton (Kategorie wenner: Senior bestuur)

Uiteindelik is Christo Somers uit die Swartlandstreek as algehele wenner aangewys. Behalwe vir die prysgelde wat hy gewen het, is daar ook 'n oorsese studiebesoek ingesluit. Verder sal hy voortaan deel uitmaak van die Prestige Plaaswerkers Forum, wat bestaan uit al die vorige jare se algehele wenners en onder andere direk met die Wes Kaapse Premier asook die Minister van Landbou skakel in verband met plaaswerker-aangeleenthede.

Mnr Johan Montgomery, die voorsitter van die ODLV (Overberg Distrikslandbouvereniging), wat in samewerking met Agri Mega verantwoordelik is vir die aanbied van die kompetisie in die Overberg, het die wenners met hul uitsonderlike prestasies gelukgewens. Hy is dankbaar dat daar soveel inskrywings uit die Overberg streek was en trots is op die wyse waarop hulle die Overberg by die provinsiale kompetisie verteenwoordig het. Montgomery het ook die ODLV kantoorpersoneel en Agri Mega bedank vir hul puik reëlings.

'n Vereniging vir die landbougemeenskap van die Overberg /An Association for the agricultural community of the Overberg

Johan Montgomery: Voorsitter/Chairperson, Richard Krige: Ondervoorsitter/Vice Chairpeson
Pieter Beukes, Christopher Cloete, Thys Delport, ND Fick, Juhan Human, Niel Neethling, Willie Smal,
Paulus Theunissen, Freddie van Breda, Micheal van Breda, Johan van Dyk
Hanno Maritz: Bestuurder/Manager

OVERBERG DLV
LANDBOU EENHEID EN VOLHOUBAARHEID
AGRICULTURAL UNITY AND SUSTAINABILITY
DAA

Kantore by/Offices at Overberg Agri, Swellendamweg/Road, Bredasdorp, 7280
Posbus/P.O. Box 158, Bredasdorp, 7280 • Tel: (028) 424 2890 • Faks/Fax: (028) 425 3788 • Epos/Email: odlv1@agrimega.co.za

Foto byskrif (IMG 1869): Agter, van links na regs: Wes-Kaapse Minister van Landbou en Landelike ontwikkeling, Gerrit van Rensburg, Voorsitter van die Overberg Distrikslandbouvereniging, Johan Montgomery, en Departementshoof van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Joyene Isaacs. Voor, van links na regs: Anthony Strydom van Bredasdorp (Provinsiale kategoriewenner: Diereproduksie), Florina Samson van Buffeljagsrivier (Provinsiale kategoriewenner: Junior bestuur en ook Overberg se Plaaswerker van die Jaar-streekswenner) en Adam Mouton van Riviersonderend (Provinsiale kategoriewenner: Senior bestuur). (Fotograaf: Leensie Streicher)

Johan Montgomery: Voorsitter/Chairperson, Richard Krige: Ondervoorsitter/Vice Chairpeson
Pieter Beukes, Christopher Cloete, Thys Delport, ND Fick, Juhan Human, Niel Neethling, Willie Smal,
Paulus Theunissen, Freddie van Breda, Micheal van Breda, Johan van Dyk
Hanno Maritz: Bestuurder/Manager